# Die kerk as gebeure: 'n Dogmatiese perspektief

**J H Koekemoer**
**Universiteit van Pretoria**
**Dekaan: Fakulteit Teologie (Afd A)**

**Abstract**
**The church as an event: A perspective from Systematic Theology**
*This article argues that, over against the idea of the church as an institution, the church should be characterized as an event that does not live from the being and will of Jesus Christ as historical figure, but from the existence of the present Christ. The present Christ is the constitutive factor of the church. The church is determined by the present Christ, called by him into life and maintained by him. This characterizes the church also as a waiting church.*

## 1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die besluit van die dosentevergadering van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria, naamlik dat die verskillende teologiese dissiplines in 'n navorsingsprojek wat oor die ekklesiologie handel, die onderskeie vakwetenskaplike standpunte oor kerkwees na vore moet roep, was 'n aanleidende oorsaak tot die skryf van hierdie artikel. Die bedoeling met die besluit was enersyds om die teologiese gesprek binne die Fakulteit Teologie oor die onderwerp te stimuleer en andersyds om by die voortgesette teologiese toerusting van predikante deur die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting, die gesprek met die predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk verder te voer, sodat die kerk se selfverstaan en bediening daardeur verryk kan word. Die feit dat daar tans in die Nederduitsch Hervormde Kerk hard gewerk word aan die herskrywing van die kerkwet beteken verder dat bogenoemde navorsing tegelyk ook op die terrein van betekenis kan wees.

Uiteraard is dit nie moontlik om binne die vakgebied van die Dogmatiek die hele veld van die ekklesiologie in een artikel te behandel nie. Dit was immers ook nie die bedoeling van die besluit van die dosentevergadering nie. Wat wel moontlik is, is om vanuit 'n bepaalde grondperspektief van kerkwees enkele sake so aan te stip dat die teologiese gesprek gedien kan word en tegelyk 'n pleidooi gelewer word dat binne bepaalde insigte 'n raamwerk vir die skryf van 'n kerkwet verdiskonteer sal word. As 'n belangrike uitgangspunt is in hierdie verband 'n opmerking van Ott (1981:393) van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kardinale betekenis. Hy oordeel dat die werklikheid van die bestaan van die kerklike instituut en organisasie (waarvoor 'n kerkorde onontbeerlik is) verskillende konkrete vrae na vore roep. Om te keer dat daar nie bloot op 'n pragmatiese wyse na 'n antwoord beweeg word nie, is dit noodsaaklik dat daar in die beantwoording van die vrae na 'n riglyn gesoek moet word. So 'n riglyn sou volgens Ott, in die kerk se selfverstaan gevind kan word.

Indien die kerk homself sien as draer en uitdeler van die heil wat deur Jesus Christus gestig is, ook wat sy vorm betref, sal dit uiteraard 'n invloed uitoefen op die saak onder bespreking. Indien die kerk homself as *creatura verbi* sien — waar die Woord gehoor, werklik verstaan en geglo word — sou dit impliseer dat waar die Woord verkondig en geglo word en waar die sakramente bedien word, die kerk is, of nog beter gesê: die kerk voortdurend word.

Hierdie verstaan van homself open uiteraard andersoortige perspektiewe as wat in die vorige opmerking na vore getree het. In hierdie artikel word 'n doelbewuste keuse vir die tweede opsie uitgeoefen, en daarom sal gepoog word om vanuit die perspektiewe wat hieruit voortvloei, die saak te beredeneer en so 'n bydrae tot die gesprek te lewer.

## 2. BEREDENERING

In die *Barmer Theologischen Erklärung* (1934) word die kerk gesien as die 'Gemeinde von Brüdern, in der Jesus Christus in Wort und Sakrament durch den Heilige Geist gegenwärtig handelt' (Ott 1981:395), 'n verklaring waaruit dit duidelik is dat die grond van die kerk as 'n gebeurtenis verstaan word. Wanneer Heinrich Ott (1981:396) in dié verband na E Brunner verwys, interpreteer hy Brunner se standpunt oor hierdie saak dat vir Brunner die kerk daar na vore tree waar die mens deur die Woord van God aangespreek, gegryp en in 'n persoonlike gemeenskap met God gebring word.

Om aan te sluit by Ott se interpretasie van Brunner se beskouing oor die saak, kan verder gestel word dat Brunner (1960:38) oordeel dat die drie klassieke beskrywings van kerkwees, naamlik dat die kerk *coetus electorum*, *corpus Christi*, en *communio sanctorum* is, 'n aanduiding kan wees in watter rigting gedink behoort te word as die grondvraag na kerkwees beantwoord moet word. In hierdie drie aanduidinge is immers iets van 'n lewende bestaanswyse te bespeur. Om te waak teen 'n institusionele verstarring in die neerlê van reëls waarbinne die kerk homself moet wees, is dit nodig dat bogenoemde perspektief by die skryf van sulke reëls (kerkwet) duidelik voor die gees geroep sal word.

Natuurlik tree in hierdie drie beskrywings die wese van die kerk so na vore dat dit alleen in die geloof en nie vir gewone oë sigbaar is nie (Brunner 1960:43). Dit neem die feit dat hierdie kerk van die geloof 'n sigbare empiriese grootheid is, nie weg nie.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die gevaar bedreig die kerk egter voortdurend dat die sigbare empiriese grootheid so losgemaak word van die kerk as gebeurtenis, met die gevolg dat daar 'n verstarring intree wat eindig in 'n lewelose instituut waarin wette en bepalings die oorheersende rol speel.

Brunner (1960:45) wys tereg daarop dat hierdie gevaar vermy moet word omdat die Nuwe Testament nie so 'n kerkbegrip ken nie. Die lewende geloofsgemeenskap wat alleen in die geloof kenbaar is, is tegelyk ook vir almal sigbaar. Die kerk bestaan immers in die wêreld; en alhoewel die kerk vir die wêreld vreemd is, mag die wêreld vir die kerk nooit vreemd word nie (Koekemoer 1992:326).

Ook Peters (1992:259) is van oordeel dat hierdie gebeure-karakter van die kerk duidelike Nuwe-Testamentiese wortels het. In hierdie verband is dit insiggewend om ook kennis te neem van die gedagtes van Beker & Hasselaar (1990:24) wat in die volgende hoofmomente na vore tree:

* De kerk *geschiedt* in Gods verkiezend en aanroepend handelen;
* de kerk *geschiedt* in de unio mystica;
* de kerk *geschiedt* in het belijden van de naam des Heren;
* de kerk *geschiedt* in de dienst van haar ambten en charisma's; en
* de kerk *geschiedt* in haar eenheid, heiligheid en katholiciteit.

Vir 'n goeie verstaan van die gebeure-karakter van die kerk wat inherent deel van die wese van die kerk is, moet die gedagtegang van Ott (1981:397) in ons eie teologiese diskussie pertinent genoem word. Dit sal die gedagtegang dat die kerk 'n onrustige gemeenskap is wat nooit in selftevrede isolasie kan verval nie, lewend hou; en dit is noodsaaklik dat dit lewend gehou moet word. Volgens Ott (1981:397) is die kerk na sy wese 'n gebeure. In hierdie gebeure word die kerk altyd weer terwyl dit tog ook reeds daar is. Dit is alleen op die wyse dat die kerk werklik kerk kan wees. Op die wyse is die kerk op die aarde dan ook tegelyk dit waarna dit vooruitgryp. Dit is met ander woorde wat dit is terwyl dit ook voortdurend word wat dit is. Hierdie wordingsgebeure tree egter nooit uit die kerk self na vore nie, dit is nie 'n inherente onvervreembare reg nie; dit bestaan alleen in relasie tot die Here. Om dit anders te sê: In die bestaan en wording van die kerk is God in Christus deur die Heilige Gees werklik teenwoordig.

Hierdie uitspraak is natuurlik net geldig in relasie, en is nie waar van die kerk in abstraksie nie. Dat dit in die bestaan van die kerk om 'n relasie met die Here gaan, tree alreeds in Augustinus se besondere bydrae tot die gesprek oor die kerk na vore. Volgens Kelly (1968:413-416) is Augustinus se besondere bydrae die volgende: Hy maak baie van die Christelike gemeenskap as mistieke liggaam van Christus. Vir hom het Christus 'n driedubbele bestaansmodus naamlik as *ewige Woord*, as *God-mens of Middelaar* en as *kerk*, waarvan Christus die Hoof en die gelowiges die lede is. Christus



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en die gelowiges is een persoon en die lewensbeginsel van hierdie mistieke liggaam is die Heilige Gees. Terwyl die Heilige Gees gesien moet word as vergestalting van die liefde (die produk van wederkerige liefde tussen Vader en Seun) kan die lewensbeginsel ook as liefde gekwalifiseer word. Hy dui juis hierdie samebindende liefde as wese van die kerk aan (Velthuysen 1988:496). Velthuysen (1988:496) dui verder tereg aan dat in hierdie opvatting van Augustinus 'n amper ondraaglike spanning aanwesig is wat dit onmoontlik maak om 'n versoening te bewerk tussen die kerk as historiese realiteit wat uit sondaars bestaan en 'n ideële werklikheid. Histories het die spanning dan ook in die standpunte van Rome en die Reformasie in die sestiende eeu tot uitbarsting gekom toe albei hulle op Augustinus beroep het vir die verdediging van hulle onderskeie standpunte.

Die vraag is alleen of dit moontlik is om sonder hierdie spanning sinvol oor die kerk na te dink. Dit tree nêrens beter na vore as in die beskouings van Bonhoeffer (1972:39) nie. Hy beskou die kerk as 'Christus eksisterend as gemeente'. Dit is die wyse waarop Christus in die wêreld teenwoordig is. Dit impliseer dat om in die kerk te wees beteken om in Christus te wees en om in Christus te wees beteken om in die kerk te wees. Hierdie uitsprake van Bonhoeffer wat skynbaar daarop dui dat hy buite die spanningsveld beweeg en by 'n *Christus prolongatus* tereg kom, word in die regte perspektief gestel as hy tegelyk ook van Christus as Heer van die gemeente en broeder in die gemeente praat (Bonhoeffer 1972:42).

Dit word nog duideliker wat hy bedoel as hy sê dat die begrippe wat hy gebruik, net af te lei is uit die begrip plaasbekleding. Om die begrip plaasbekleding binne perspektief te kry moet daar na sy Christologie beweeg word (Bonhoeffer 1982:8). Hy werk immers in die aanpak van sy Christologie ook met 'n lewende Christus wat in 'n lewende kerk teenwoordig is. Hy is van oordeel dat die teenwoordigheid van Christus temporeel en ruimtelik vertoon moet word. In verband met hierdie teenwoordigheid van Christus as persoon in die kerk, sou die basiese vraag wees: op grond van welke persoonlike struktuur is hy teenwoordig? Volgens Bonhoeffer (1981:21) is Christus se ontologiese struktuur *pro me*. Derhalwe kan Christus alleen maar eksistensieel bedink word. Christus dus nie vir homself nie, maar *pro me*. Hierdie *pro me* impliseer drie dinge wat veral ook ten opsigte van die verstaan van die kerk van betekenis is:

* Jesus Christus *pro me* is die voorloper, die eersgeborene van al die gelowiges wat hom volg; en
* Jesus Christus is *pro me* in die sin dat Hy in my plek (plaasbekledend dus), in die plek van die gelowige staan. So is Hy dan ook die nuwe mensheid. Hy staan waar die ganse mensdom moes staan. Hy tree nie alleen op ter wille van die mensdom nie, Hy is die mensdom. Omdat Hy optree as die nuwe mensheid is dit in Hom en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> is Hy dit. Omdat die nuwe mensdom in Hom is, is God genadig teenoor die nuwe mensdom in Hom. Hierdie een God-mens persoon, Jesus Christus, is nou teenwoordig in die kerk in sy *pro me* struktuur; as Woord, as Sakrament en as gemeenskap. So leef die kerk in die wêreld.

Uit voorafgaande sal dit wel duidelik wees dat die lewe van die kerk, die daad van kerkwees, vir Bonhoeffer wesenlik belangrik is. Hy dink egter te genuanseerd om hom te beskuldig dat hy by 'n *Christus prolongatus* tereg kom. Bonhoeffer maak eintlik van dieselfde terminologie as Barth gebruik, alhoewel hy dit anders uitwerk.

Barth (1953:738) werk ook met die kerk as die aards-historiese bestaanswyse van Jesus Christus. Hy stel dat wanneer daar van Jesus Christus as hoof van die gemeente gepraat word, word daar gepraat 'von seiner himlischen Existenzform', en wanneer daar van die gemeente as sy liggaam gepraat word, word daar van sy 'irdisch-geschichtliche Existenzform' gepraat (Barth 1953:739). Hy stel dit eintlik nog sterker as dit: 'Man muß es aber stärker sagen: so ist, weil und inden *er* ist, auch sie; so ist *sie*, weil und inden *er* ist' (Barth 1953:738; my beklemtoning). Hy kan selfs sê: 'Jesus Christus ist die Gemeinde' (Barth 1953:741). Tog moet toegegee word dat hy, ietwat skerper as Bonhoeffer, Jesus Christus in sy gestalte as hemelse Hoof in sy verborgenheid in God, in wie die gemeente as Here glo en op wie die gemeente hoop, ook beklemtoon. Dit maak dat hy ook nie daarvan beskuldig kan word dat hy 'n *Christus prolongatus* leer nie.

Weber (1961:576) verwys ook hierna as hy sê dat die eenheid van die kerk met Jesus Christus, soos dit in die Nuwe Testament betuig word, op die oog af baie daarna lyk of hier van 'n identiteit sprake is. Hy waarsku teen 'n wesensidentiteit omdat die kerk inderdaad ook 'n menslike gemeenskap is wat menslike sonde vertoon. Daarom moet daar ook na die kerk gekyk word vanuit 'n pneumatologiese perspektief. Die kerk is immers wat hy is deur die Heilige Gees:

> ... wo der Geist Gottes waltet, da und eben da besteht weder Identität noch Polarität. Der Geist Gottes, der Geist Jesu Christi ist gerade das Geheimnis jener Einheit, in der weder das eine noch das andere besteht. Bestünde zwischen Jesus Christus und der Gemeinde Identität, so wäre damit die Geschichte — die Geschichte Jesu Christi und die Geschichtlichkeit der Gemeinde — in einer vermeintlich höheren Einheit aufgehoben. Bestünde andererseits eine Polarität, so stünden 'die Christen', je als Subjekt, dem 'Objekt' Jesus Christus gegenüber, und von einer personalen Gegenwart Jesu Christi in der Gemeinde könnte nicht die Rede sein. Oder anders: bestünde Identität, so gäbe es keine mensch-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> liche Verantwortung in der Gemeinde; bestünde eine Subjekt-Objekt-Polarität, so wäre das 'in die Entscheidung gestellte' Ich das seiner selbst mächtige. Die Gegenwart des Christus in seiner Gemeinde aber ist seine Gegenwart *im Geist.*
>
> (Weber 1961:576; my beklemtoning)

Bogenoemde beklemtoning van die gemeente as die aards-historiese bestaanswyse van Jesus Christus en die gelyktydige aanduiding daarvan dat Hy Here van die kerk is, behoort in ons gesprek duidelik na vore te tree. In hierdie gesprek moet dit immers ook gaan om die lewende gemeente, die kerk as gebeurtenis wat die instituut voorafgaan. Véral in die daarstel van 'n kerkorde is bogenoemde opmerkings van wesenlike belang.

Barth het hieroor immers ook sekere opmerkings gemaak wat ons nie kan laat verbygaan nie, omdat dit ons sal help om die gebeure — die aard van die kerk — in 'n kerkorde vas te hou. Dit is belangrik omdat kerkreg eintlik geestelike reg is wat alleen 'in der Gemeinshchaft des Heiligen Geistes Jesus Christi aufzusuchen, zu finden, aufzurichten und zu handhaben ist' (Barth 1953:772). Omdat Jesus Christus self die 'Gesetz' van die gemeenskap van gelowiges is, daarom moet die reg wat hier geld, in beweging wees (Barth 1953:806). Daar moet iets van die lewe in en uit die evangelie hierin na vore tree. 'n Kerk wat sy bestaansgrond in die Woord-gebeure vind en derhalwe onder die Woord-gebeure steeds 'n kerk in wording (in beweging dus) is, sal steeds waak teen alles wat hom hiervan kan vervreem en kan veroorsaak dat hy daartoe oorgaan om sy bestaan in homself as 'n inherente reg te beskou.

Die enigste wyse waarop die kerk immers steeds sy legitimiteit kan behou, is deur die Here wat die kerk realiseer en aktualiseer deur sy Gees (Weber 1961:565). Daarom is dit dan ook belangrik dat die kerk steeds in berekening sal bring dat die term 'instituut' nie 'n volledige prentjie bied van wat die kerk wesenlik is nie. Alhoewel hierdie term iets sê van die Een wat die instituut in aansyn geroep het, sê dit niks oor die teenwoordige Christus nie. Wie dus die kerk hoofsaaklik as 'n instituut sien, maak van die teenwoordigheid van Christus verlede tyd (Weber 1961:566). Dat so 'n beskouing skrikwekkende gevolge vir die lewe van die kerk inhou, hoef nie eers beredeneer te word nie:

> Gemeinde als 'Stiftung' werden wir von allem betonen müssen, das die Gemeinde nicht aus dem Sein oder Willen eines vergangenen Christus lebt, sondern ons dem Dasein des für sie gegenwärtigen. Der Christus praesens ist das konstititutive Moment jeder urchristlichen Gemeinschaft.
>
> (Weber 1961:567)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

As die kerk nie daarvan oortuig kan wees dat die teenwoordige Christus steeds in en by hom is nie, is sy kerkwees daarmee heen. Dit is juis hierdie 'teenwoordige Christus' wat die kerk steeds weer kerk laat word. Daarom is dit ook betekenisvol dat die Nuwe Testament steeds na die kerk verwys as 'n eskatologiese heilsgemeenskap.

Pannenberg (1969:74) en Braaten (1969:109) verwys dan ook na die kerk as 'n eskatologiese gemeenskap. Verder praat Küng (1986:96) van die kerk as 'an anticipatory sign of the definitive reign of God' en sê Moltmann (1977:164) dat die kerk nie ter wille van die kerk self bestaan nie, maar vir die komende koninkryk van God. Vir ons eie gesprek is dit nou belangrik dat bogenoemde uitsprake nie alleen daarop dui dat die kerk op pad is deur die wêreld na sy eindbestemming toe nie, maar ook dat die kerk as hierdie heilsgemeenskap oop is na die wêreld toe. Die teenwoordigheid van Christus maak 'n geslote kerk in wese 'n onmoontlikheid. Hierdie argument dui ook verder op die universele aard van die kerk en het betekenis vir ekumeniese betrokkenheid (Schlinck 1985:559).

'n Afleiding wat uit bogenoemde beredenering gemaak kan word, is dat die wese van die kerk derhalwe nie in 'n konstante vorm wat as 'n metafisiese gegewenheid gesien moet word, na vore tree nie. Vanweë sy gebeure-aard wat gestalte kry in die Woord-gebeure, waar Christus deur die Gees teenwoordig is, is die gestalte van die kerk nie 'n konstante gegewenheid nie, maar tree dit juis in 'n voortdurend veranderende historiese vorm na vore. 'n Mens sou dus kan sê dat die wese van die kerk eerder dinamies as staties is.

Wanneer die kerk met 'n teologiese gesprek oor homself besig is, sal hy sy eie tradisie binne so 'n dinamies veranderende vorm steeds opnuut waar moet maak of verander. So alleen sal daar vir die huidige dag teologies sinvol oor die ekklesiologie geargumenteer kan word.

Daar moet immers ook rekening gehou word met die feit dat die kerk deur die loop van die geskiedenis in 'n gedaanteverwisseling soms 'n karakterverandering ondergaan het. In plaas van 'n gemeenskap van gelowiges wat sy grond in die gemeenskap met Christus vind, het dit 'n starre instituut geword. Dit is juis hieroor dat Brunner (1960:34) gesê het dat die identifikasie van die Nuwe-Testamentiese *ekklesia* met die kerk as instituut, 'n misverstand is. Vir hom moet die kerk beleef word eerder as dat dit 'n objek van geloof moet wees.

Dit is ook wel waar dat die kerk binne die wêreld waarin hy leef, 'n sosiologiese paradoks is. Dit is 'n gemeenskap van mense binne bepaalde verbande en tegelyk 'n gemeenskap van mense wat geen grense ken nie. Onder mense, as menslike vergadering en samelewing, as ruimte binne die menslike werklikheid, word die kerk werklikheid, is die kerk aanwesig as 'n daad van die verhoogde Christus wat Homself aan sy


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

volgelinge gee deurdat Hy sy Gees aan hulle gee. Die Heilige Gees aktualiseer wat Christus gedoen het, in Hom is Christus teenwoordig en so word die *sanctorum communio* voortdurend binne die *peccatorum communio* geskep.

## 3. SLOTOPMERKING

Wanneer 'n kerk oor sy eie bestaan nadink en dit ook binne ordereëls wil verwoord, sal hy op grond van voorafgaande beredenering ook in gedagte moet hou dat 'n kerk wat net vir homself en sy eie uitbreiding lewe, 'n getuienis teen die evangelie is en nie in diens van die evangelie staan nie. Die kerk lewe immers nie vir homself nie of vir sy lidmate nie, maar in diens van God. Daarom is dit vir die kerk onmoontlik om getuie van die evangelie te wees en dan onverskillig te staan teenoor hulle wat honger en siek is en slagoffers van onmenslikheid is. Wanneer Bonhoeffer (1982:28) sê dat Christus as *Woord*, Christus as *sakrament* en Christus as *gemeente* in die wêreld teenwoordig is, en die kring weier laat uitdy na Christus as *middelpunt van die menslike bestaan*, Christus as *middelpunt van die geskiedenis* en Christus as *middelpunt tussen God en die natuur*, wil dit voorkom asof die uitbreiding soos 'n legkaart op die eerste pas.

Wanneer ons dan die prentjie voltooi deur die *munus triplex* hierop van toepassing te maak, en van daaruit na die Christen as profeet, priester en koning te kyk, is dit duidelik watter groot verantwoordelikheid die kerk in die wêreld het om te volvoer en hoe 'n aktuele gebeure die kerk werklik is. Hierdie verantwoordelikheid mag tegelyk 'n opwindende lewe voor God wees. Hieraan moet die teologie en die ordereëls van die kerk diensbaar wees.

### Literatuurverwysings

Barth, K 1953. *Kirchliche Dogmatik IV/1*. Zürich: EVZ.

Beker, E J & Hasselaar, J M 1990. *Wegen en kruispunten in de Dogmatiek, Deel 5*. Kampen: Kok.

Bonhoeffer, D 1972. *Het wezen van de kerk*. Baarn: Ten Have.

— 1982. *Christologie*, vertaal deur F van der Heijden. Baarn: Ten Have.

Brunner, E 1960. *Die Christliche lehre von der Kirche vom Glauben und von der vollendung*. Zürich: Zwingli-Verlag.

Kelly, J N D 1968. *Early Christian doctrines*. London: Black.

Koekemoer, J H 1992. Dogmatiek en Christelike etiek binne die Fakulteit Teologie (Afd A) van die Universiteit van Pretoria. *HTS* 48, 315-328.

Küng, H 1985. *The church*. London: Search Press.

Moltmann, J 1977. *The church in the power of the Spirit*. San Francisco: Harper & Row.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ott, H 1981. *Die Antwort des Glaubens*. Berlin: Kreuz Verlag Stuttgart.

Pannenberg, W 1969. *Theology and the kingdom of God*. Philadelphia: Westminister.

Peters, T 1992. *God — the world's future*: *Systematic Theology for a postmodern era*. Minneapolis: Fortress.

Schlinck, E 1985. *Ökumenische Dogmatik*. Göttingen: Vandenhoeck.

Velthuysen, G C 1988. Die wese van die kerk: 'n Teologiese antwoord op 'n filosofiese vraag. *HTS* 44, 489-513.

Weber, O 1961. *Grundlagen der Dogmatik*. Göttingen: Moers.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services